

eish!



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

VOLUME 2 NO. 4 November 2008

Die kwartaallike personeelblad vir die mense van die NWU

2008 is 'n hoofstuk waaraan u saam geskryf het!

Op die drumpel van 2009 kyk Eish! terug op die afgelope jaar – nóg 'n hoofstuk in die ontvouende suksesverhaal van die NWU. Die mense van die Universiteit het hierdie verhaal help skryf deur hul kundigheid te implementeer en hul verbondenheid tot uitnemendheid te demonstreer



Lede van die NWU se Institusionele Bestuur is in feestelik luim. Voor van links is prof Annette Combrink, Rektor: Potchefstroomkampus, dr Themba Mosia, Institusionele Registrateur, dr Theuns Eloff, Visekanselier, prof Johan Rost, Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite, mnr Victor Mothobi, Uitvoerende Direkteur: Mensontwikkeling, en prof Frikkie van Niekerk, Uitvoerende Direkteur: Navorsing en Innovasie. Agter van links is dr Ngoato Takalo, Uitvoerende Direkteur: Onderrig-Leer en Adjunkhoof, me Phumzile Mmope, Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge, prof Piet Prinsloo, Rektor: Vaaldriehoekkampus en prof Dan Kgwadi, Rektor: Mafikengkampus.

Die wat uitstaan tussen die baie hoogtepunte wat die storielyn van die NWU uitmaak, is die toekennings wat ontvang is, die goeie vordering wat betref kernbesigheid en ondersteuningsdienste, die nuwe slagspreuk en die heraanstelling van die NWU se Visekanselier, dr Theuns Eloff.

Goeie leierskap

In die lig van dr Theuns Eloff se suksesvolle bestuur van die NWU-samesmelting die afgelope vier jaar het die Raad besluit om hom vir 'n tweede termyn as Visekanselier aan te stel. Die pos sal dus nie geadverteer word nie. Die Raad hou toesig oor die oorlegplegingsproses met betrekking tot dr Eloff se heraanstelling,

insluitende samesprekings met die Senaat en die Institusionele Forum om gestalte te gee aan die bepalings vir die heraanstelling.

Toekennings

Een van die grootste hoogtepunte van 2008 was ongetwyfeld PricewaterhouseCoopers se Korporatiewebestuur-toekenning vir Uitnemendheid in Hoër Onderwys wat in Augustus aan die NWU toegeken is.

Die NWU het ook 'n spesiale toekenning van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) ontvang ter erkenning daarvan dat die Universiteit gedurende die afgelope tien jaar in die Suid-Afrikaanse hoëronderryssektor die

meeste tot veeltaligheid en nasiebou bygedra het.

Onderrig-leer

Volgens die jongste prestasieaanwysers was 59 203 studente gedurende 2008 aan die NWU ingeskryf. Hulle is bygestaan deur 2 618 permanente akademiese en ondersteuningspersoneel.

Die NWU se uitnemendheid in onderrig en leer word weerspieël in die rekordaantal van 11 346 grade en diplomas wat gedurende die herfsgradeplegtighede toegeken is en die meer as 2 000 wat gedurende die lentegradeplegtigheid toegeken is.

! Na bladsy 3

Gemeenskapsdiens met 'n groot hart

4



Steun veldtog vir vroue en kinders

7



Ontmoet die jongste IB-lid

8



Lees hier!

Boodskap van die Visekanselier



Dr Theuns Eloff

Die jaar 2008 was (en is nog steeds) 'n uitdagende jaar. Te midde van ons daaglikse kernbesigheidsaktiwiteite en die voorbereiding vir die 2009-institusionele audit moes ons ook die herhalende onrus op die Mafikeng kampus, die "Facebook"-sage op die Potchefstroom kampus en die aanstelling van die ministeriële taakspan om ons "sake te ondersoek," hanteer.

Met nog net 'n klompie weke van die jaar oor, lyk dit asof die NWU besig is om self hierdie moeilike uitdagings die hoof te bied.

Op die Mafikeng kampus het die meerderheid studente (teen die wil van 'n halsstarrige Kampus-SR) besluit om terug te keer klaskamers toe. Met die eksamen wat uitgestel is om op 24 November te begin en met die tweede eksamen geleentheid vroeg in Januarie 2009, is dit wonderlik om

te kan sê dat ons die akademiese jaar op die Mafikeng kampus gered het.

Die dissiplinêre verhoor van die aangeklaagdes van die rassistiese "Facebook"-groep is uitgestel na later in November, maar ook daardie onsmaklike episode is agter die rug, en die opvolg onder beheer.

Volgens my inligting het die grootste meerderheid van personeel en studente goeie gesprekke met die ministeriële taakspan gehad. Bestuur (Institusioneel en Kampus) en die Raad het ook op 'n konstruktiewe wyse met die taakspan skouer geskuur. Ons was in staat om skriftelike en feitelike inligting te verskaf wat aan die taakspan 'n heel ander prentjie geskets het as dié van die minderheid oningeligte en bevooroordeelde studente. Selfs 'n minderheid van klakous-personeel sal nie die feitelike vooruitgang wat die NWU gedurende die afgelope vyf jaar gemaak het, kan ontken nie. Ons sal waarskynlik die verslag van die taakspan voor die einde van die jaar onder oë kan kry ...

Maar gegewe hierdie uitdagings was 2008 ook 'n goeie jaar vir die NWU:

- Ons het tot aan die einde van September bou- en infrastruktuurprojekte ter waarde van R78 m op al drie ons kampusse voltooi.
- Alles dui daarop dat ons onderrig-leeraktiwiteite weer goeie resultate gaan oplewer (selfs ook op die Mafikeng kampus).
- Alhoewel die totale navorsingsuitsette uiteraard nog nie bekend is nie, lyk dit

belowend vergeleke met dieselfde tyd verlede jaar.

- Die bevorderings van akademiese personeel wat onlangs aangekondig is, is 'n verdere bewys van die potensiaal en die kwaliteit van die NWU se akademië.
- Studente op al drie kampusse het uitstekend in sport en kultuur presteer. Hiervan getuig NWU-studente in die Olimpiese atletiekspan, die Nasionale 0/21-rugby- en -sokkerspanne, die Nasionale Sêr kompetisie, die Nasionale Koorkompetisie en vele meer.
- Ons ontvang die PriceWaterhouseCoopers se Korporatiewebestuurtoekenning vir Uitnemendheid in Hoër Onderwys (2008), asook die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad se spesiale toekenning wat daarop dui dat die NWU gedurende die afgelope tien jaar in die hoërondwyssektor die meeste tot veeltaligheid en nasiebou bygedra het.

In hierdie laaste Eish! van 2008 wil ek dus alle personeel en studente wat tot hierdie suksesse bygedra het, gelukwens en hartlik bedank. 'n Universiteit kan net presteer as haar mense toegewyd is en hard werk. En daarvan kan almal van ons getuig. Dit is ook gepas om die seënende hand van ons Hemelse Vader in die afgelope jaar te erken. Daarvan getuig die baie genade wat ons ontvang het.

Mag elke personeelid en student dit bly ervaar in die laaste weke van 2008, en mag die Kerseisoen vir ons almal vreugde en vrede bring.

Dr Theuns Eloff
Visekanselier

Eish! was daár in 2008



Nelia Engelbrecht

Hierdie tyd van die jaar laat ons graag ons gedagtes gaan oor die afgelope jaar se prestasies en sien ons terselfdertyd uit na 'n nuwe jaar met nuwe uitdagings.

Wanneer 'n mens terugdink aan die hoogtepunte van 2008 (lees die artikel op die voorblad) kan mens nie anders as om erkenning te gee aan die loyaliteit en toewyding van die NWU-personeel wat hierdie hoogtepunte moontlik gemaak het nie. Die NWU se mense is inderdaad sy mees waardevolle bate.

Gedurende die jaar – wat deur die Visekanselier, dr Theuns Eloff, tot die jaar van kwaliteit en eenheid verklaar is – het daar vier uitgawes van Eish! verskyn, vol nuus en inligting.

Ons het u ingelig oor die Universiteit se visie vir 2008, berig oor die Universiteit se planne om die uitdagings van beurtkrag die hoof te bied, en inligting deurgegee oor die begrotingsproses, die nuwe navorsingsentiteitemodel aan die NWU en die twee interkampus sosiale dae wat op die Vaaldriehoek kampus en die Mafikeng kampus plaasgevind het.

Ons het u ook bekendgestel aan nuwe gesigte in die Institusionele Kantoor en die NWU-raad. In hierdie uitgawe kan u meer lees oor me Bibi Bouwman, pas aangestelde Bestuurder: Gemeenskapsbetrokkenheid, se planne vir 2009 (p4), en oor die nuwe aanstellings in die Raadskomitees (p6).

Gedurende die jaar was daar ook artikels oor drie lede van die Institusionele Bestuur (IB) op die middelblad van Eish! naamlik dr Theuns Eloff, Visekanselier, mnr Victor Mothobi, Uitvoerende Direkteur: Mensontwikkeling, en prof Johan Rost, Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite. Hierdie keer kan u meer lees oor die jongste lid van die IB, me Phumzile Mmope, Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge (p8-9).

Ons het ook geskryf oor die Institusionele Kantoor se skuif na die heringerigte C1-gebou, kompleet met foto's van die Visekanselier se kantoor vóór en ná die tyd. Intussen is die personeel al só ingeburger in hulle nuwe kantore dat dit voel asof die C1-gebou nog altyd hulle 'huis weg van die huis af' was!

'n Belangrike verwikkeling was die insluiting in Eish! van 'n spotprent en 'n paar bladsye vir kampusnuus. Dit spruit voort uit die terugvoer wat ons ontvang het nadat ons die lesers versoek het om 'n vraelys in te vul om aan te dui wat hulle as Eish! se sterk- en swakpunte beskou.

Ons het nog 'n paar interessante planne vir die verbetering van die nuusbrief – steeds met u voorkeure in gedagte. Om uit te vind wat ons in die mou voer, sal u Eish! moet dophou in 2009.

Die Eish!-span wens u en u geliefdes 'n aangename reses en 'n geseënde feestyd toe. Mag ons almal volgende jaar met hernieude entoesiasme terugkeer om die NWU tot groter hoogtes te voer.

Lekker lees!
Nelia Engelbrecht

2008 is 'n hoofstuk waaraan u saam geskryf het!

Van bladsy 1

Navorsing

In 2008 het die NWU 95 navorsers gehad wat oor graderings van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) beskik.



Die Opvoedkundevereniging van Suid-Afrika (OVSA) het sy senior navorsingsmedalje aan prof Petra Engelbrecht, Dekaan van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe op die Potchefstroomkampus, toegeken.

Die Universiteit het ook 'n nuwe navorsingsentiteitemodel geïmplementeer, wat voorsiening maak vir 22 nuwe navorsingsentiteite. Die Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding (SUV) in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Potchefstroomkampus is die enigste

Ander toekennings op die gebied van navorsing sluit die volgende in:

- Die A1-gradering wat die NNS toegeken het aan prof Marius Potgieter van die Eenheid vir Ruimtefisika aan die Potchefstroomkampus. Dit is die hoogste gradering wat 'n wetenskaplike van die NNS kan ontvang.
- Die Opvoedkundevereniging van Suid-Afrika (OVSA) se besluit om sy senior navorsingsmedalje aan prof Petra Engelbrecht, Dekaan van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe op die Potchefstroomkampus, toe te ken.
- Die toekenning van R600 000, versprei oor drie jaar, van die Suid-Afrikaans-Nederlandse Navorsingsprogram vir Alternatiewe Ontwikkeling (SANPAD) aan Prof Linda Theron van die Skool vir Opvoedingswetenskappe op die Vaaldriehoekskampus. Dit is vir navorsing oor die lewensvatbaarheid daarvan om geestesweerbaarheid onder Vigswesies te stimuleer deur kultuursensitiewe metaforiese verhale vir hulle voor te lees.

navorsingsentiteit wat as 'n navorsingsentrum vir uitnemendheid geklassifiseer is – die hoogste vlak wat 'n navorsingsentiteit kan bereik.

Die aankondiging van die Nisarea: Bevolking en Gesondheid was 'n eerste vir die Mafikengkampus. Prof I Kaluke-Sabiti is die Koördineerder van hierdie nisarea wat binne die Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe funksioneer.

Implementering van kundigheid

Nóg 'n prestasie wat dui op die vertroue wat die private sowel as die openbare sektor in die NWU se kundigheid stel, is die R400 000-kontrak van die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT) om 'n besigheidsplan vir die voorgestelde Noordwes-Wetenskappark te ontwikkel.

Wat kerningenieurswese betref, het die NWU en Pebble Bed Modular Reactor Pty (Ltd) of South Africa (PBMR) in Februarie 'n samewerkingsooreenkoms onderteken, waarvolgens PBMR die NWU se navorsingswerk op die gebied van kerningenieurswese sal borg.

Nuwe slagspreuk

Die NWU het 'n nuwe slagspreuk – *Innovasie deur diversiteit* – aanvaar, wat uiting gee aan die manier waarop die NWU sy diversiteit benut om sy gees van innovasie te verryk.

Herstrukturering

Die akademiese struktuur van die Vaaldriehoekskampus is hersien en bestaan nou uit twee fakulteite, naamlik die Geesteswetenskaplike Fakulteit en die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie.

Nuwe aanstellings

Die NWU het in 2008 daarin geslaag om hoogs talentvolle kandidate vir sleutelposisies te lok. Dr Themba Mosia is aangestel as die nuwe Institusionele Registrateur en prof Linda du Plessis as die Vaaldriehoekskampus se Viserektor.

Daarbenewens is mnr Peet van der Walt aangestel as Voorsitter van die NWU-raad, terwyl me Sanki Mthembu-Mahanyele aangestel is as Ondervoorsitter van die Raad.

Loopbaansentrum

Die NWU-Loopbaansentrum se werksaamhede het vroeg in 2008 afgeskop. Die vernaamste doelwit van die Loopbaansentrum is die bevordering van plasingvooruitsigte van NWU-graduandi in die arbeidsmark en om werknemers te help om die beste vaardighede te werf.

Nuwe gebou vir IK

Personeel van die Institusionele Kantoor (IK) wat voorheen oor die hele Potchefstroomkampus

versprei was, is nou almal saam onder een dak – die C1-gebou.

Sosiale dae

Gelukkig het 2008 nie net uit werk bestaan hier by die NWU nie. Die twee interkampus sosiale dae, wat op 7 Maart op die Vaaldriehoekskampus en op 22 Augustus op die Mafikengkampus plaasgevind het, het vir heelwat pret gesorg.

Verskeie akademici het tydens 2008 nasionaal sowel as internasionaal uitblink met die implementering van hul kundigheid:

- Prof Hester Klopper, Direkteur van die Skool vir Verpleegkunde op die Potchefstroomkampus, is verkies tot direkteur van Sigma Theta Tau International (STTI), die grootste ere-organisasie vir verpleegkunde.
- Prof Hans de Ridder van die Skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskap op die Potchefstroomkampus is aangewys as die nuwe president van die Internasionale Vereniging vir die Bevordering van Kinantropometrie.
- Mnr André Mellet, 'n dosent verbonde aan die Skool vir Ekonomiese Wetenskappe op die Vaaldriehoekskampus het 'n algehele tweede plek behaal in die hoogaangeskrewe Business24 Ekonomiese van die Jaar-kompetisie.
- Die Sympathetic Activity and Ambulatory Blood Pressure of Africans-projek (SABPA-projek) van die Skool vir Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe op die Potchefstroomkampus is geïdentifiseer as een van die drie beste projekte in die wêreld in die stryd teen die toenemende voorkoms van metaboliese sindroom.



Prof Marius Potgieter van die Eenheid vir Ruimtefisika op die Potchefstroomkampus het 'n A1-gradering van die Nasionale Navorsingstigting ontvang.

Gemeenskapsdiens met 'n groot hart en 'n oop gemoed

Me Bibi Bouwman is onlangs aangestel as die NWU se Bestuurder: Gemeenskapsbetrokkenheid. Eish! het met haar gesels oor haar rol en haar planne vir 2009.

Me Bouwman se oë blink wanneer sy praat oor haar visie om die NWU se betrokkenheid by gemeenskapsprojekte uit te brei in 2009.

Nie net beplan sy om 'n Noordwes-Universiteit-gemeenskapsvennootskapstrust te stig nie, maar ook om 'n rondreisende foto-uitstalling oor vreemdelinge haat van stapel te stuur en 'n Visekanseliersbal te hou om fondse in te samel vir gemeenskapsprojekte.



Me Bibi Bouwman

Loopbaanagtergrond

- Gekwalifiseerde mikoloog (swamkundige)
- Deeltydse dosent en studieleier
- Bestuurder: veldwerk, opleiding, tegnologieoordrag en gemeenskaps-gebaseerde projekte vir die LNR, Goldfields, inisiatiewe van die NWU, en navorsing en ontwikkeling in 'n projek vir die Innovasiefondstrust.
- Vorige werkgewers: Mediese Navorsingsraad, voormalige Technikon RSA, voormalige PU vir CHO, LNR, en NWU.
- Direkteur van Amphigro BK en Mycoroot (Edms) Bpk.

'n Kanaal vir fondse

"Daar is reeds baie wonderlike mense by die NWU wat hul kundigheid op onselfsugtige wyse met die gemeenskap deel, en sodoende 'n verskil in die lewens van mense maak. Dis my taak om hierdie projekte te koördineer en te fasiliteer," verduidelik sy met geesdrif.

Met hierdie doel voor oë bring die Universiteit in 2008/2009 'n Noordwes-Universiteit-gemeenskapsvennootskapstrust tot stand.

Hierdie trust sal universiteitspersoneel en studente betrek wat bereid is om hul kundigheid in gemeenskapsprojekte te deel – so ook individue en groepe in die gemeenskap en in die privaat en openbare sektor. Dit sluit nieregigerings- en welsynsorganisasies, groot besighede, nywerhede en regeringsdepartemente in.

"Deur hierdie trust wil ons graag die NWU as voorkeurvenoot vir gemeenskapsprojekte voorhou," sê me Bouwman.

"Die idee is om fondse van buite te bekom vir navorsing en die implementering van kundigheid en die opleiding van studente, terwyl daar seker gemaak word dat die spandering van hierdie fondse 'n direkte, praktiese impak op die gemeenskap het."

"Hoewel ongeveer R300 miljard verlede jaar aan gemeenskapsopheffingsprojekte in Suid-Afrika bestee is, sien ons nog steeds armoede rondom ons," sê me Bouwman. Volgens haar behoort gemeenskapsprojekte volhoubaar te wees en mense te bemagtig om sosiale entrepreneurs te word sodat hulle, op hul beurt, weer ander in die gemeenskap kan bemagtig en ophef.

'n Rondreisende uitstalling

Nóg 'n projek wat sy vir 2009 beplan, is 'n foto-uitstalling oor vreemdelinge haat wat plaaslik sal begin en dan regoor Suid-Afrika geneem sal word.

"Ons boodskap sal wees dat ons almal deel is van één mensdom, met dieselfde behoeftes en drome. Hierdie idee spruit voort uit die sestigste herdenking van die stigting van die Verenigde Nasies in 2005. Dit sal die ooreenkomste tussen mense beklemtoon en ook enkele van die NWU se huidige projekte wat reeds 'n verskil in mense se lewens gemaak het, bekendstel."

'n Sprankelaand vir 'n goeie doel

'n Sosiale geleentheid op die 2009-kalender wat nie gemis mag word nie, is 'n fondsinsamelingsbal, met me Suzette Eloff, vrou van die Visekanselier, dr Theuns Eloff, as beskermvrou.

Met hierdie hoëprofielgeleentheid – waarskynlik in die lente van 2009 – beplan die NWU om fondse in te samel vir volhoubare gemeenskapsprojekte. Belangrike rolspelers in die privaat en openbare sektor gaan betrek word en bekende persoonlikhede sal luister aan die aand verleen.

Uit hierdie opwindende planne is dit duidelik dat me Bouwman gemeenskapsbetrokkenheid nie bloot intellektueel benader nie, maar met die hart. Sy kan dit nie help nie: dis duidelik dat sy 'n passie vir mense het.

Interessante feite

Mees beslissende oomblik:

Toeek in 1999 besig was met veldwerk in Lobethal, Mpumalanga vir die Landbounavorsingsraad (LNR) het ek besef dat mense toegewyde bystand benodig en dat ons kan help deur ons kennis op 'n eenvoudige en verstaanbare manier met hulle te deel.

Persoonlike filosofie:

Leef voluit en maak die beste van jou Godgegewe talente.

Belangrikste waarde in verhoudings:

Eerlikheid.

Wat ek waardeer:

Om lekker kos te kook en te sien hoe mense dit geniet.

NWU-navorsers skitter



Vir die eerste keer in die NWU se geskiedenis is 'n Navorsers van die Jaar, 'n Junior Navorsers van die Jaar en 'n Navorsingsentiteit van die Jaar aangewys by die Toekenningsereemonie vir Uitnemendheid in Navorsing wat aan die einde van Oktober 2008 in Potchefstroom plaasgevind het.

Prof Ian Rothmann van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe op die Potchefstroomkampus is aangewys as 2007 se Navorsers van die Jaar, en prof Louis Kotzé van die Fakulteit Regte, ook op die Potchefstroomkampus, as 2007 se Junior Navorsers van die Jaar. Die Navorsingsentiteit van 2007 is die Afrika-eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidsnavorsing (AUTHeR), waarvan prof Esté Vorster die Direkteur is. Hierdie entiteit is binne die Fakulteit Gesondheidswetenskappe op die Potchefstroomkampus geleë.

Erkenning is ook gegee aan 11 navorsers wat nuwe graderings van die Nasionale

Navorsingstigting (NNS) ontvang het, sowel as aan 22 wat hergradeer is en aan vier nuut aangestelde NNS-gegradeerde navorsers van ander universiteite.

Volgens prof Amanda Lourens, Institusionele Direkteur: Navorsingsondersteuning, is die verkryging van 'n NNS-gradering 'n uitsonderlike prestasie – slegs 10% van alle navorsers aan Suid-Afrikaanse universiteite slaag daarin om dit te behaal.

Die NWU se navorsingstoekenningskema is gebaseer op uitstaande navorsingsprestasie in 'n spesifieke verslagjaar, en vanjaar se toekennings is gedoen op grond van 2007 se navorsingsuitset.

Die weners van die S₂A₃- en ABSA-medaljes vir die beste magisterstudente op die gebied van, onderskeidelik, Wetenskap, Ingenieurswese en Tegnologie, en Sosiale en Geesteswetenskappe het ook erkenning gekry tydens die galadinee. Mnr Petrus Jansen van Vuren van die Fakulteit

By die Toekenningsereemonie vir Uitnemendheid in Navorsing was, van links na regs: prof Mariëtte Lowes, Viserektor: Akademie, Potchefstroomkampus, prof Amanda Lourens, Institusionele Direkteur: Navorsingsondersteuning, prof Annette Combrink, Rektor: Potchefstroomkampus, prof Ian Rothmann, Navorsers van die Jaar, prof Esté Vorster, Direkteur van AUTHeR, die Navorsingsentiteit van die Jaar, en dr Theuns Eloff, Visekanselier, NWU.

Natuurwetenskappe was die ontvanger van die S₂A₃-medalje terwyl die ABSA-medalje toegeken is aan prof Nico van der Merwe van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. Albei is van die Potchefstroomkampus.

Die Toekenningsereemonie vir Uitnemendheid in Navorsing is deur die Institusionele Departement Navorsingsondersteuning gereël om die NWU se waardering te toon vir sy toegewyde navorsers.

Vir meer inligting oor die navorsingstoekenningskema, kontak asseblief vir prof Amanda Lourens by Amanda.Lourens@nwu.ac.za of (018) 299 4848.

Stap die tweede myl

Goeie dienslewering vereis dat 'n mens meer as net jou plig doen: soms is dit nodig om die "tweede myl" te stap.

In 2007 het die NWU vier doenwaardes aanvaar, naamlik integriteit, toewyding, aanspreeklikheid en respek. Bereidheid om daardie spreekwoordelike tweede myl te stap, behels die uitleef van hierdie waardes en verdien erkenning in Eish!

As u weet van 'n kollega wat daardie ekstra moeite doen, stuur 'n e-pos vir die redakteur by nelia.engelbrecht@nwu.ac.za of na faksnommer (018) 299 4938 en vertel vir ons hoe die persoon uit sy of haar pad gaan om uitstekende diens aan die NWU en sy kliënte te lewer.

Ontmoet die nuwe Raadskomiteeëde

Korporatiewe bestuur aan die NWU, onder leiding van die Raad en die onderskeie Raadskomitees, verloop seepglad. Die vul van vakatures in dié Raadskomitees het die Raad se vermoë om die NWU effektief te lei, verder versterk.

Die volgende Raadskomitees het by die aanstellings baat gevind:

- **Komitee vir Oudit, Nakoming en Risikobestuur**

Mnr NM Fuzani is met onmiddellike inwerking treding aangewys om in die Komitee vir Oudit, Nakoming en Risikobestuur te dien. Hy vervang mnr Gulam Mayet, wie se ampstermyn as Raadslid op 11 Februarie 2008 verstryk het. Adv Jan



Mnr Thabo Mokgattha

Henning SC is in Mei 2008 as Voorsitter van hierdie komitee verkies. Mnr Thabo Mokgattha is ook deur die Raad aangewys om op die Komitee te dien. Hy is in die plek van mnr Nathan Molusi wat op 30 Augustus 2007 oorlede is.

- **Transformasie-Oorsigkomitee**

In die lig van mnr Ongkopotse Tabane se vorige deelname aan die Transformasie-Oorsigkomitee is ooreengekom dat hy sal voortgaan om op die betrokke komitee te dien. Me Itumeleng Poee is as nuwe komiteelid aangewys in die plek van mnr Siphwe Ngwenya, wie se ampstermyn op 11 Februarie 2008 verstryk het.

- **Finansiële Komitee, insluitende die Batekomitee, die Tenderkomitee en die Beleggingskomitee**

Mnr Simon Mohapi is genomineer om op sowel die Batekomitee as die Beleggingskomitee te dien. Hy vervang mnr Ongkopotse Tabane op die Batekomitee. Dr Douw Breed is op die Tenderkomitee verkies. Hy is in die plek van dr Neels Smit, wie se ampstermyn op 11 Februarie 2008 verstryk het.

Dr Themba Mosia, wat in Januarie 2008 as Institusionele Registrateur aangestel is, dien as ex officio-Sekretaris van die Raad. Hy is aangestel in die plek van prof CFC van der Walt, wie se termyn as Institusionele Registrateur op 31 Desember 2007 verstryk het.



Mnr Ongkopotse Tabane



Mnr Max Fuzani



Adv Jan Henning SC



Mnr Simon Mohapi



Dr Douw Breed



Me Itumeleng Poee



Voor van links na regs is prof Dan Kgwadi, Rektor: Mafikengkampus, mnr Wessel Jansen van Rensburg, Bestuurder: Geldmark, prof Annette Combrink, Rektor: Potchefstroomkampus, en dr Theuns Eloff, Visekanselier. Agter is: prof Piet Prinsloo, Rektor: Vaaldriehoekskampus en mnr Hendrik Truter, organiseerder van die 54 Classic-gholfdag.

Etegeld vir behoeftige studente

Die Visekanselier, dr Theuns Eloff, het 'n tjek vir R180 000 aan die kampusrekteur oorhandig vir die Ete per Dag-projek op die drie kampusse.

Hierdie projek is gemik op die verskaffing van gebalanseerde etes aan behoeftige studente, aangesien daar studente is wat nie genoeg geld het vir basiese behoeftes soos kos nie.

Die kampusrekteur, proff Dan Kgwadi (Mafikengkampus), Annette Combrink (Potchefstroomkampus) en Piet Prinsloo (Vaaldriehoekskampus), het elk R60 000 vir hul onderskeie kampusse ontvang. Die geld is ingesamel tydens verlede jaar se NWU 54 Classic-gholfdag, 'n uithoukomspele wat oor 54 putjies gespeel word en deur die Visekanselier geïnisieer is. Vanjaar se geleentheid vind op 5 Desember plaas.

MH-dienste is binnekort meer toeganklik

Vanaf April 2009 sal konsultante van Mensehulpbronne (MH) 'n eenstopdiens aan die personeel van die Institusionele Kantoor (IK) en aan die fakulteite en ondersteuningsafdelings op die Potchefstroomkampus bied. Hulle is reeds aangestel, en word tans opgelei.

“Die konsultante sal gedurende die volgende drie tot vier maande intensiewe opleiding ontvang om alle mensehulpbronnkwessies te kan hanteer,” sê mnr Christé de Wit, Institusionele Direkteur: Mensehulpbronne.

Die konsultante sal steeds deel wees van die Institusionele Departement Mensehulpbronne en sal in die IK gebaseer wees, maar sal drie tot vier keer per maand besoek aflê by die fakulteite of afdelings wat aan hulle toegewys is.

Hierdie nuwe stelsel sal dit vir personeel moontlik maak om al hul vrae – oor onderwerpe wat wissel vanaf siekteverlof tot vakatures – te rig aan die konsultante wat spesifiek aan hulle toegewys is. Dit sal dus nie meer nodig wees om met verskillende mense by die IK se Departement Mensehulpbronne te praat nie.

Die besluit oor die spesifieke toewysing van konsultante sal in Februarie of Maart 2009 gemaak word. (Meer besonderhede hieroor in die eerste Eish! van 2009.)

Wat van die ander kampusse?

“Daar is nou al vir 'n geruime tyd lank MH-personeel op die Vaal- en Mafikengkampus,” sê mnr De Wit. “Hulle sal egter ook by die opleidingsessies betrokke wees om hul vaardighede op te skerp.”



Hy wys daarop dat MH-konsultantstelsels by verskeie oorsese universiteite gebruik word en al 'n paar jaar lank suksesvol geïmplementeer is by groot universiteite in Suid-Afrika, soos Kaapstad, Stellenbosch en Pretoria.

Die MH-konsultante wat vanaf April aanstaande jaar tot u diens sal wees, is agter van links me Alta Lodewyk, me Esmé Labuschagne en mnr Peet du Toit. Voor van links is mee Thato Tlhabanyane, Cathy Harmse en Queen Ntsoelengoe.

NWU steun veldtog vir geen geweld teen vroue en kinders

In Suid-Afrika word daar elke 14 minute 'n saak van verkragting aangemeld, elke uur en 'n kwart word 'n vrou of kind onsedelik aangerand, en elke twee ure word 'n saak van kinderverwaarloosing aangemeld.

Dit is onrusbarend en behoort almal aan te spoor om betrokke te raak by die “16 dae van aktivisme: geen geweld teen vroue en kinders”-veldtog.

Die NWU is een van die ondersteuners van hierdie veldtog, en voeg op hierdie manier sy stem by diene wat mede-Suid-Afrikaners uitdaag om 'n einde te bring aan geweld teen die kwesbares in die samelewing.

Die veldtog het op 25 November (Internasionale Dag vir Geen Geweld Teen Vroue en Kinders) afgeskop en eindig op 10 Desember (Internasionale Menseregtedag).



Dra u wit strikkie

Die “16 dae van aktivisme”-veldtog bevorder die wit strikkie as 'n simbool van persoonlike en organisatoriese verbintenis tot die uitroei van geweld teen vroue en kinders.

Die wit strikkie simboliseer die verbintenis van die draer om nooit geweld teen weerlose mense te pleeg of goed te keur nie, en om dit te veroordeel waar hulle dit teëkom.

Dra u wit strikkie en wys u steun openlik.

Jonk, intelligent en innoverend

Vir ons reeks oor die aktiwiteite van die Institusionele Bestuurspan het Eish! met me Phumzile Mmope, Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge gepraat oor haar eenheid se rol en die hoogtepunte tot dusver.

Sy's jonk, intelligent, innoverend en dit skrik haar nie af dat sy die jongste lid van die Institusionele Bestuur is nie. Intendeel: sy beskou dit as 'n voordeel.

"As die tweede-jongste van sewe kinders het my gesin my geleer dat ek altyd van die geleentheid moet gebruik maak om te leer uit die ervaring, kennis en wysheid van die oueres om te bou aan my karakter, vaardighede en insig," sê me Mmope.



Me Phumzile Mmope

Dit is vir haar niks nuuts om die jongste in die groep te wees nie. Sy is skool toe as vierjarige, het gematrikuleer op 14, en nadat sy 'n diploma in joernalisme verwerf het, het sy op 18 begin werk.

Terugblik

Toe sy in 2006 by die NWU begin het, het sy by 'n nuwe kantoor sonder 'n gevestigde grondslag ingestap.

"Ek glo dat ons ons doelwit gaan bereik om te verseker dat die NWU teen 2010 beskou sal word as 'n gevestigde, lewenskragtige, en entrepreneuriese universiteit van hoë gehalte"

"Aanvanklik het ek myself tyd gegun om 'n idee te kry van mense se verwagtinge van my eenheid. Eers daarna het ek die beste maniere geïdentifiseer waarop hierdie verwagtinge bestuur kon word," sê me Mmope.

Hierdie versigtige benadering het vrugte afgewerp, want kort daarna het KSV die NWU se eerste jaarverslag vir belanghebbendes gepubliseer, wat in 2007 een van die top vyf finaliste was vir die Beste Jaarverslag van die Suid-Afrikaanse Publikasieforum.

Hoogtepunte

As die eerste van vele hoogtepunte is hierdie prestasie gevolg deur die bekendstelling van 'n geïntegreerde en veeltalige intranet en 'n daaglikse elektroniese kennisgewing.

'n Handelsmerkstrategie is ook ontwikkel, insluitende 'n logo en 'n swoesj en 'n nuwe institusionele slagspreuk wat die handelsmerkessensie van die NWU definieer en dit van ander hoërsonderwysinstellings onderskei.

Die eenheid het ook die Universiteit se eerste landswye advertensie in drie nasionale naweekkoerante gepubliseer en daarmee die NWU se posisioneringsveldtog afgeskop.

Haar voor- en afkeure

Gunstelingkos: Ek is lief vir kook, en ek eet eintlik enigiets wat lekker is.

Gunstelingboeke: Ek lees graag en geniet verskeie genres. My gunstelingwerke sluit in *Infinite Riches* deur Ben Okri, *The Ten Commandments of working in a hostile environment* deur TD Jakesen, en *And don't call me a racist* deur Ella Mazel.

Dit maak my gelukkig: Die bereiking van doelwitte – daardie gevoel van vervulling wat 'n mens kry van eerlike en harde werk. Ek hou ook daarvan om tyd saam met my dogtertjie, familie en vriende te spandeer.

Wat ek waardeer van mense: Vasberadenheid, dissipline, passie, moed en entoesiasme.

Wat vir my frustrerend is: Mense wat in ander se sake inmeng, oneerlikheid en 'n gebrek aan ambisie.

My lekkerste vakansie nog: Ek en my suster het 'n keer saam deur dele van Europa gereis. Ek het ook 'n uitstap na die Victoriawaterval baie geniet.

My gesin: My dogtertjie, Sunshine, is 'n slim en borrelende sewejarige. Ek is ook lief vir my drie niggies en een nefie. Hulle is Karabo (11), Lethabo (1), Entle (6) en Tinotenda (1).



Mnr Louis Jacobs (links) is die Direkteur: Kommunikasie en mnr Willem Booysen (regs) is die Direkteur: Institusionele Bevordering en Sakeontwikkeling.

Waardetoevoeging

Me Mmope glo dat hierdie prestasies 'n teken is van KSV se vasberadenheid om waarde toe te voeg aan die NWU deur middel van sy drie funksies: korporatiewe kommunikasie, korporatiewe handelsmerkidentiteit en korporatiewe bevordering en sakeontwikkeling.

• Doeltreffende kommunikasie

Hoewel die NWU oor vier multikulturele, veeltalige en diverse besigheidseenhede beskik – 'n Institusionele Kantoor (IK) en drie kampusse in twee provinsies – kry KSV dit reg om deur middel

“My wens is dat die NWU 'n instelling sal wees wat oorloop van innovasie en gedryf word deur diversiteit.”

Haar loopbaan-agtergrond

- Skakelbeampte – Land Rover Suid-Afrika
- Joernalis – Drum, Pretoria News
- Besturende redakteur: Korporatiewe Publikasies – Unisa
- Het Unisa se weeklikse elektroniese nuusbrief tot stand gebring - dit is in 2003 deur die SA Publikasieforum aangewys as beste elektroniese nuusbrief
- Was verantwoordelik vir die opstel van Unisa se 2004-jaarverslag wat in 2005 deur die SA Publikasieforum aangewys is as Beste Jaarverslag
- Benoem om te dien op die Raad van die Internasionale Vereniging van Besigheidskommunikeerders (2006)
- Geakkrediteerde lid van die Openbare Skakelinstituut van Suidelike Afrika (PRISA) en die Nasionale Persvereniging

van doeltreffende korporatiewe kommunikasie goeie verhoudings met belanghebbendes te handhaaf.

• 'n Gevestigde handelsmerk

Daarbenewens bestuur KSV die handelsmerkidentiteit- en -proposisiestelling wat daarop gemik is om die IK en die drie kampusse te stuur sodat hulle hul diversiteit kan gebruik om nóg meer innoverend te word.

• Finansiële stabiliteit

Laastens lewer KSV ook 'n bydrae tot die verbetering en handhawing van finansiële stabiliteit deur die fasilitering van sakeontwikkeling en die bestuur van fondsinsamelings, donasies, geskenke, en die aktiwiteite van die NWU se skenkingsfonds.

Volgens me Mmope is KSV goed op dreef om die visie en missie van die Universiteit aan alle interne en eksterne belanghebbendes te kommunikeer.

Die pad vorentoe

“Ek glo dat ons ons doelwit gaan bereik om te verseker dat die NWU teen 2010 beskou

Korporatiewe Sake en Verhouding is verantwoordelik vir korporatiewe kommunikasie, vir die bestuur van die handelsmerk-identiteit en vir institusionele en sakeontwikkelingsfunksies.

• Korporatiewe Kommunikasie (Direkteur: Mnr Louis Jacobs)

Hierdie departement is verantwoordelik vir die daarstel van effektiewe strategiese boodskappe, om die NWU vanuit 'n institusionele perspektief te posisioneer ten opsigte van interne en eksterne belanghebbendes, om effektiewe kommunikasie en inligtingsvloei te verbeter, om verhoudings met sleutelbelanghebbendes te ontwikkel en uit te bou en om die Universiteit se webblad te bestuur.

• Institusionele Bevordering en Sakeontwikkeling (Direkteur: Mnr Willem Booysen)

Hierdie departement se verantwoordelikheid is om die aktiwiteite rondom fondswerwing en die NWU se skenkingsfonds te fasiliteer, uit te brei, te bestuur, en te koördineer. Die departement fasiliteer ook sakeontwikkeling om die finansiële bronne van die Universiteit uit te brei.

sal word as 'n gevestigde, lewenskragtige, en entrepreneuriese universiteit van hoë gehalte,” sê sy.

Haar wens vir die NWU-gemeenskap is dat mense die nuwe NWU met entoesiasme sal aanvaar.

“Al ons kulture het kenmerke wat ons kan waardeer en waarvan ons kan leer. Laat ons erken dat almal van ons betekenisvolle bydraes het om te maak en dat dit ons diversiteit is wat ons werklik spesiaal maak.”



Sommige van die publikasies van KSV wat gedurende 2008 die lig gesien het.

Geregtigheid vir die jeug



By die bekendstelling van die Regs- en Menseregte-gemeenskapsopleidingsprojek was, van links na regs: prof PF Iya, waarnemende Dekaan en Direkteur van die Skool vir Voorgraadse Studies, Fakulteit Regte, mnr J Tshabalala, die Umsobomvu-jeugfonds se programbestuurder in Noordwes, regter RD Hendricks van die Bophuthatswana-afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, prof M Mosimege, Viserektor: Akademie, en mnr J Bodenstien, Direkteur: Sentrum vir Gemeenskapsreg.

Die Sentrum vir Gemeenskapsreg op die Mafikengkampus het in samewerking met die Umsobomvu-jeugfonds die Regs- en Menseregte-gemeenskapsopleidingsprojek van stapel gestuur. Die projek het ten doel om regsopleiding te verskaf aan 100 jongmense.

Die opleiding sal fokus op parajuriste, NRO's, kandidaatsprokureurs, interns in diens van die Sentrum, en studente.

"Geregtigheid is dikwels ontoeganklik vir die jeug, veral in die platteland, en met hierdie projek hoop ons om gemeenskappe meer bewus te maak van hul basiese regte," sê mnr J Tshabalala, die Umsobomvu-jeugfonds se programbestuurder in Noordwes.

Gemeenskappe in die Noordwesprovinsie kan baat by die projek deur middel van werksinkels gemik op, onder meer, skoolkinders, jeugmisdadigers in korrektiewe instellings, en jeuggroepe in die algemeen.

Kampus hou lentegradeplegtigheid

A ltesaam 682 diplomas en grade is op 16 Oktober 2008 tydens die Mafikengkampus se jaarlikse tweedesemester-gradeplegtigheid toegeken.

Vier doktorsgrade is toegeken – drie in die Fakulteit Handel en Administrasie en een in die Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe.

Personeel van die Mafikengkampus wat by dié geleentheid graadgekry het, sluit in me Basetsana Ntsime (MSc), mnr Sibusiso Gwebu (MBA), me Vuyelwa Monedi (MBA) en mnr Kizza Frazer Roberts Kadama (DPhil in Bestuur).

SAFA-president verwerf meestersgraad



Dr Molefi Oliphant, President van die Suid-Afrikaanse Sokkervereniging (SAFA), het onlangs sy meestersgraad in Opvoedingswetenskappe aan die Mafikengkampus verwerf.

Na afloop van 16 Oktober se gradeplegtigheid op dié kampus was daar ook 'n funksie ter ere van dr Oliphant by die Mafikeng-hotelskool.

In sy verwelkomingstoespraak het prof. Lesole Gadinabokao, eerste President van SAFA

en tans dosent in die Skool vir Wiskundige en Fisiese Wetenskappe in die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie, doktor Oliphant geloof vir sy besluit om by die NWU te studeer. "Dr Oliphant het hierdie kampus gekies uit al die kampusse in die land. Die Noordwes-Universiteit speel in die topliga, want dis 'n universiteit van Afrika, en nie net 'n universiteit in Afrika nie," het prof Gadinabokao gesê.

Dr Oliphant dien op die direksie van die internasionale sokkerbeheerliggaam FIFA en

Teenwoordig by die onthaal was, van links na regs: dr Irvin Khoza, Voorsitter van die Premiersokkerliga en die 2010- plaaslike reëlingskomitee, dr Molefi Oliphant, President van SAFA en prof Lesole Gadinabokao, voormalige President van SAFA en dosent op die Mafikengkampus.

is Ondervoorsitter van die Konfederasie van Afrikasokker (CAF).

Navorsers ontvang prestige-toekennings

Twee navorsers op die Potchefstroom-kampus, Prof Stefan Ferreira en dr Christo Venter, het onlangs prestige-toekennings vir hulle werk ontvang.

Prof Stefan Ferreira, 'n navorsers van die Skool vir Fisiese en Chemiese Wetenskappe op die Potchefstroomkampus, is die wenner van die *Third World Academy of Science* (TWAS) toekenning vir jong navorsers vir 2008.

Die hoofdoel van TWAS is om ontwikkelende lande se wetenskaplikes wat buitengewone bydraes tot die bevordering van wetenskap maak, te erken en te ondersteun.

Dr Christo Venter van die vakgroep Fisika het 'n navorsingsbeurs van die *National Aeronautics and Space Administration* (NASA) ontvang. Hy is een van slegs sestig wetenskaplikes in die wêreld wat dié beurse in verskillende vakrigtings ontvang. Hy het ook die gesogte Fermi GLAST-navorsingsbeurs ontvang. GLAST is die Gammastraal-grootoppervlakte-ruimte-teleskoop wat vroeër vanjaar gelanseer is.



Prof Stefan Ferreira



Dr Christo Venter

NWU-Puk bou innoverende spiesgooi-toestel

Die NWU-Puk se atletiekklub spog met 'n unieke spiesgooi-toestel wat selfs deur Olimpiese atlete ingespan word om hul gooi te verbeter.

Hoewel dit vreemd mag klink om spiesgooi onder 'n dak te oefen, is dit presies wat Potchefstroomkampus-sport en Meganiese Ingenieurswese reggekry het met die ontwerp en bou van die toestel.

"Atlete kan onder meer gooi doen teen verskillende hoogtes en spoedontwikkeling slyp deur aandag te gee aan die verskillende nuanses van krag," vertel mnr Terseus Liebenberg, atletiekafrigter.

Hy het sedert verlede jaar nou saamgewerk met dr Barend Botha, dosent by Meganiese Ingenieurswese, en mnr Jozua Roux, 'n ingenieurswesestudent, wat die toestel gebou het.

Die spiesgooi-toestel is die enigste van sy soort in Afrika en een van net 'n paar in die wêreld.



Mnr Jozua Roux, mnr Terseus Liebenberg, atletiekafrigter van Potchefstroomkampus-sport en dr Barend Botha van Meganiese Ingenieurswese, by die unieke spiesgooitoestel wat hulle ontwerp en gebou het.

Gerber aangewys as beoordelaar in filmfees



In Januarie vanjaar het die *Natural History Magazine* in New York van prof Attie Gerber se foto's oor die bobbejane gepubliseer. Hier bekyk 'n bobbejaan prof Gerber se werk van naderby tydens verfilming.

Prof Attie Gerber, 'n dosent in dokumentêre video in die Skool vir Kommunikasie-studies, is aangewys as 'n beoordelaar in die jaarlikse Wild Talk Filmfees, wat die belangrikste en grootste natuurhistoriese filmfees in Suid-Afrika is.

Hierdie filmfees, wat volgende jaar vanaf 19 tot 23 April gehou word, lok jaarliks filmmakers van regoor die wêreld en is ook die belangrikste geleentheid vir plaaslike regisseurs en vervaardigers om internasionale kollegas, besluitnemers en aankopers te ontmoet. Boonop woon uitvoerende regisseurs van kanale soos National Geographic, Discovery Channel en Animal Planet die filmfees by om films te koop.

Die hoogtepunt van die filmfees is die Roscartoekennings. Prof Gerber, 'n medestigter van die TV-program 50/50, is 'n beoordelaar in die kategorie eko-toerisme.

Eerste vroue-Viserektor vir Vaaldriehoek

Prof Linda du Plessis is onlangs as die nuwe Viserektor: Akademie, Kwaliteit en Beplanning van die Vaaldriehoekampus aangestel.

Nie net het prof Du Plessis geskiedenis gemaak deur die eerste vrou te wees wat hierdie pos beklee nie, maar sy breek ook 'n lansie vir ander vroue wat hulself in die beroepsgewing bevind.

“Ek glo vas dat die sukses van 'n persoon nie deur geslag voorgeskryf word nie, maar deur die energie, motivering, kennis en passie waarmee elke dag aangepak word”, meen prof Du Plessis.



Prof Linda du Plessis

Volgens prof Du Plessis is haar grootste uitdaging om te help om 'n kampusklimaat te skep wat bevorderlik is vir die kernaktiwiteite van personeel en studente, insluitende onderrig, navorsing en die implementering van kundigheid. Hierdie aktiwiteite moet die vaardigheidstekort op industrie-, streeks- sowel as nasionale vlak aanspreek.

Prof du Plessis het voorheen onder meer die poste van lektor, senior lektor en navorsingslektor aan die Vaaldriehoek Technikon (nou die Vaal Universiteit van Tegnologie) beklee. Sy het ook in die veld van onderrigontwikkeling en institusionele bestuur gewerk.

Met dapper en stapper

Die Vaaldriehoekampus het onlangs hul eerste “Be Active”-dag aangebied en indien die opgewondenheid onder die personeellede 'n aanduiding is, sal dié geleentheid beslis 'n trotse tradisie word.

Die “Be Active Day”-uitdaging is 'n inisiatief van die NWU-Werknemerswelstandprogram en die doel daarvan is om 'n meer aktiewe leefstyl te bevorder en om 'n informele geleentheid te skep waartydens personeellede met mekaar kan sosialiseer.

Die personeel het aan 'n 3,5 km pretloop deelgeneem en die res van die middag gesellig saamgekuier.

Lede van die Vaaldriehoekampus se bemarkingspan is gerat vir die eerste “Be Active”-dag. Agter is Me Carla Dippenaar. In die middel van links is mnr Piet van Wyk, mee Ronel Strydom en Alwine Naude en mnr Edwin Nkosapantsi. Voor is me Rosie van Pype.



Sensei Jakob Nxadi

Vaaldriehoek se eie karate-koning

Mnr Jakob Nxadi, 'n administratiewe assistent by Tegniese Dienste op die Vaaldriehoekampus, het onlangs sy derde swart-belt in Kyokushin Karate verwerf en is reeds besig met voorbereiding vir sy vierde belt.

Volgens mnr Nxadi is sy belangstelling in karate geprikkel toe hy as jong seun met sy hoërskoolloopbaan begin het. In 1986 het hy sy eerste gradering suksesvol geslaag.

Dit is mnr Nxadi se lewensdroom om sy vyfde belt (Sensei-Shihan) in Kyokushin Karate te verwerf. Daar is tans net vier Shihans in die land.

Mnr Nxadi werk reeds 23 jaar by die Universiteit en dra ook in sy hoedanigheid as Sensei by tot die ontwikkeling van hierdie sportsoort deur klasse op die kampus en in die gemeenskap aan te bied.

Navorsingsnuus

Nog twee navorsingsentiteite bekendgemaak

Die name van nog twee navorsingsentiteite is bekendgemaak as deel van die implementering van die nuwe navorsingsentiteitemodel wat onlangs deur die NWU aanvaar is.

Die twee nisareas is:

- Musikale kunste in Suid-Afrika: hulpbronne en toepassings (Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, Potchefstroomkampus)
- Medisyneverbruik in Suid-Afrika (Fakulteit Gesondheidswetenskappe, Potchefstroomkampus)

Die kriteria vir elk van die vier vlakke van die navorsingsentiteite en 'n lys van al die goedgekeurde navorsingsentiteite by die NWU is beskikbaar op die Navorsingswebwerf by

<https://intranet.nwu.ac.za/opencms/export/intranet/html/af/in-im-rs/researchentities/policiesguidelines/index.html> en http://www.nwu.ac.za/research/researchentities/researchentities_a.html

Navrae oor die navorsingsentiteite kan gerig word aan prof Amanda Lourens by Amanda.Lourens@nwu.ac.za, of (018) 299 4848.

Hersiene NWU Nagraadse Beursskema

Sedert die belyning van die NWU se nagraadse beursskema met ander Suid-Afrikaanse universiteite kan nagraadse studente beurse kry van eksterne bronne, byvoorbeeld die Nasionale Navorsingstigting (NNS), sowel as van die NWU.

Ander groot veranderings behels die wysiging van die waardes en tydsraamwerk (M- en PhD-vlak) van die beurse. Maksimum limiete sal van toepassing wees op honneurs- en meestersgraadstudente.

Die NWU Nagraadse Beursskema het ten doel om finansiële ondersteuning te verleen aan belowende nagraadse studente wat nie tersiêre nagraadse studie kan bekostig nie, en om erkenning te verleen aan studente wat akademies presteer.

Besonderhede oor die skema is beskikbaar by: http://www.nwu.ac.za/research/scholarships/postgrads/postgrad_a.html

Vir enige inligting oor die nagraadse beursskema, kontak asseblief die volgende persone:

Mafikengkampus: Me Carla Ngcakani, (018) 389 2521.

Potchefstroomkampus: Me Susan van der Westhuizen, (018) 299 2188.

Vaaldriehoekkampus: Me Monica Mampone, (016) 910 3134.

Navrae oor die nagraadse beursskema kan gerig word aan mnr Danie Hefer by Danie.Hefer@nwu.ac.za, of (018) 299 2190.

NWU-publikasieuitsette

Die Institusionele Departement Navorsingsondersteuning is tans besig met monitering van die NWU se navorsingspublikasie uitsette vir indiening by die Departement van Onderwys.

Hierdie proses is gebaseer op gepubliseerde artikels wat die Departement Navorsingsondersteuning gereeld van alle navorsingsentiteite/fakulteite/kampusse ontvang. Die uitsette word dan geverifieer, vasgelê en aan die navorsers gekommunikeer.

Navorsers kan ook verifieer of 'n bepaalde tydskrif in aanmerking kom vir subsidiëring deur die Departement van Onderwys deur die volgende webwerf te besoek:

http://www4-win2.p.nwu.ac.za/dbtw-wpd/textbases/accred_a.htm


Die voordeel van hierdie proses is dat die vordering van die NWU se publikasie-uitset maandeliks beskikbaar sal wees. Hierdie vorderingsverslae sal gereeld aan die Kampus- en Institusionele Bestuur gekommunikeer word.

Navrae oor die publikasie-uitsette kan gerig word aan me Ronel Pieterse by Ronel.Pieterse@nwu.ac.za of (018) 299 4853.

HOKK-aftelling

Voorbereidings vir die Hoëronderwys-kwaliteitskomitee (HOKK) se NWU-oudit is goed op dreef.

Hierdie grafiese voorstelling gee 'n idee van wat reeds gedoen is, waar ons ons tans bevind en wat nog voorlê.



Ontmoet die mense agter die webwerf

Soos u reeds weet, word die NWU se webwerf tans herontwikkel. As deel van ons reeks oor die beleide van die Universiteit is die onderstaande 'n oorsig van die webbeleid wat op 19 September 2008 deur die Raad goedgekeur is.

In die elektroniese era waarin ons ons bevind, is 'n instelling se webwerf 'n integrale en waardevolle deel van sy werknemers se daaglikse werklewens. Dit is ook waar van die NWU se webwerf.

As 'n mens kyk na die talle webblaaie waaruit die NWU se internet en personeelintranet bestaan, word dit duidelik dat daar baie mense agter die skerms doenig is om materiaal deurlopend te publiseer, by te werk, te ontwikkel, te bestuur en te koördineer.

Die webbeleid stel ons aan hierdie mense voor. Hulle is lede van twee onderling verbonde groepe, naamlik die Webherontwikkelingstaakspan (Websteunstruktuur) en die Webbeheerkomitee. Dan is daar natuurlik ook nog al die publiseerders regoor die NWU.

Webherontwikkelingstaakspan

Hierdie taakspan is 'n subkomitee van die Institusionele Bestuur (IB) en is verantwoordelik vir die oorkoepelende herstrukturering, beplanning en ontwikkeling van die nuwe NWU-web.

Hierdie groep is tot stand gebring om toesig te hou oor die herontwikkelingsproses en sal die **Websteunstruktuur** word sodra die nuwe webwerf aktief is.

Webbeheerkomitee

Hierdie komitee verseker 'n strategiese passing tussen die webwerf en die NWU se visie, strategiese plan en besigheidsbehoefes. Hulle verskaf ook advies en steun aan die Websteunstruktuur.

Mense agter die webblaaie

Beide strukture, onder voorsitterskap van me Phumzile Mmope, Uitvoerende Direkteur:

Korporatiewe Sake en Verhoudinge, bestaan uit verteenwoordigers van die Institusionele Kantoor (IK) sowel as die drie kampusse.

In die IK se geval is daar onder meer verteenwoordigers van Korporatiewe Sake en Verhoudinge, die Taaldirekoraat en Institusionele Administrasie.

Die KSV-eenheid word verteenwoordig deur me Marelize Santana, wat ook die IK se **Elektroniese Bestuurder** is. Sy dryf die hele NWU-web wat betref gevestigde beleide, prosesse en prosedures, en ondersteun die Kampus-Elektroniese Bestuurders en publiseerders ten einde te verseker dat die web doeltreffend bestuur word.

"**Inligtingstegnologie Sentraal** (ITS) speel ook 'n groot rol in die webontwikkeling en -bestuur," sê me Santana.

Hul funksies sluit in instandhouding van die tegniese argitektuur van die NWU-web, bedryf van die sentrale webbediener en die verantwoordelikheid vir apparatuur, programmatuur en web-opleiding.

Kampusverteenwoordigers is mense van die onderskeie kampusse se kommunikasie- en bemakingskantore, soos die **Kampus-Elektroniese Bestuurders** wat toesig hou oor webpublisering. Hulle is verantwoordelik vir die konstruksie en instandhouding van die webwerf in die belang van professionele kampusverteenwoordiging.

Die Kampus- Elektroniese Bestuurders is mnr Lester Mpolokeng (Mafikeng), mnr Vincent Eastes (Potchefstroom) en me Annette Willems (Vaaldriehoek).



Me Marelize Santana

Die publiseerders speel ook 'n belangrike rol in die instandhouding van 'n doeltreffende webwerf.

Die **publiseerders**, versprei oor al die kampusse sowel as die IK, verteenwoordig spesifieke fakulteite, afdelings, departemente, skole en ander besigheidseenhede.


"Die ideaal is dat elkeen van hierdie groepe verteenwoordig moet word deur ten minste een webpubliseerder," sê me Santana.

Hierdie publiseerders redigeer of voeg inligting by op webblaaie deur middel van 'n webgebaseerde inhoudbestuurstelsel, soos OpenCMS. Opleiding word verskaf deur die kampusse se IT-afdelings.

Die volledige webbeleid is op die NWU se webwerf beskikbaar by <http://www.nwu.ac.za/opencms/export/NWU/html/gov-man/policy/index.html>

Feite oor die web

- Die NWU se huidige webwerf bestaan uit ongeveer 29 000 bladsye.
- Die NWU-internet kry maandeliks ongeveer 65 856 besoekers.
- Daar is ongeveer 360 publiseerders regoor die Universiteit.
- In 'n onlangse webopname het deelnemers aangedui dat hulle graag blogs en 'n gebeurteniskalender sou wou hê. In dieselfde opname is die grootste probleme van die huidige webwerf geïdentifiseer as navigasie, funksionaliteit en relevansie en akkuraatheid van inligting.



Fondse aangewend om MIV/VIGS-diens aan personeel te verbeter


NWU-personeel trek voordeel uit 'n reeks nuwe of verbeterde MIV/VIGS-dienste danksy die toekenning van R3,2 miljoen wat enkele maande gelede aan die Universiteit gemaak is. Eish! het vir me Elana Olivier, Bestuurder van die MIV/VIGS-program, gevra hoe hierdie fondse bestee word.

Saam met die opwinding daarvan om hierdie groot bedrag geld te ontvang, kom die verantwoordelikheid om dit verstandig en doeltreffend te bestee. Dit is presies wat die NWU doen met die toekenning wat van die Europese Kommissie ontvang is deur bemiddeling van die HEAIDS-program van Hoër Onderwys Suid-Afrika.

Die totale begroting staan op R3 257 464. Die grootste gedeelte, R1 262 500, is geormerk vir mensehulpbronne, gevolg deur R817 900 vir

mediese toerusting en voorraad. Daarbenewens is R818 989 is geormerk vir ander onkoste, insluitende eweknie-opleidingsprogramme, die ontwikkeling van 'n kommunikasiestrategie en webbladontwerp, opleiding van personeel, ontwikkeling van kortkursusse, reis- en konferensiekoste, en ouditkoste. R213 106 is geormerk vir administratiewe onkoste en R144 969 as gebeurlikheidsreserwefonds. (Sien sektordiagram.)

Tot dusver is 55% van die toegewese fondse vir mensehulpbronne reeds bestee, saam met 70% van die fondse vir toerusting en voorraad, 52% van die fondse vir ander onkoste en dienste en 28% van die administratiewe onkoste.



Volgens me Olivier word die fondse aangewend om die Universiteit te help om meer hulpbronne te mobiliseer en om die MIV/VIGS-program met alle gesondheidsorg- en welstandsprogramme te integreer.

"Dit bied aan personeel toegang tot 'n verskeidenheid dienste, insluitende opleiding, bystand van

Vordering tot dusver

- 'n Eksterne finansiële oudit is suksesvol afgehandel.
- Die Skool vir Verpleegkunde het reeds vier MIV-gerelateerde kortkursusse ontwikkel.
- Die implementering van 'n geïntegreerde Navorsingsbestuursinligtingstelsel (InfoEd), 'n elektroniese navorsingsdatabasis met inligting oor MIV/VIGS-navorsing, vorder fluks.
- Die ontwikkeling en implementering van 'n institusionele monitoring- en evalueringstelsel is aan die gang.
- Opwindende toevoegings tot die dienste van die NWU-gesondheidsentrums is 'n elektronies geïntegreerde Bestuursinligtingstelsel (BIS) en eweknie-opleidingsprogramme vir gesondheidsorg.
- 'n Kommunikasie-strategie vir gesondheid is reeds ontwikkel en geïmplementeer en sal binnekort op die Potchefstroomkampus geëvalueer word. Planne sluit in die gebruik van media soos die kampusradiostasie, elektroniese reklameborde in die studentesentrum, plakkaat en 'n nuwe webwerf.

beradingsdienste in die gesondheidsentrums, primêre gesondheidsorg en navorsingsinligting," verduidelik sy.

Navorsings-toekenning om besoedeling te bekamp

Arcelor Mittal Steel het 'n navorsingstoekenning ter waarde van R240 000 aan die Universiteit gemaak om hulle te help om hul besoedelingsprobleme hok te slaan.

Hierdie multidisiplinêre projek, wat dissiplines soos ingenieurswese en omgewingswetenskappe kan insluit, streef daarna om met oplossings vorendag te kom vir die besoedeling wat veroorsaak word deur slykstorting by die staalmaatskappy se Holfontein-aanleg.

In ooreenstemming met Arcelor Mittal Steel se doelwit om 'n poel van hoogs opgeleide jong swart Suid-Afrikaanse ingenieurs vir die toekoms te vestig, sal 'n beurs ter waarde van R120 000 per jaar vir twee jaar aan verdienstelike swart studente toegeken word vir hierdie navorsing.



Die NWU het hierdie jaar baie uitdagings in die gesig gestaar en baie bereik. Dit wil voorkom asof Kersfeesvader meen dat die Visekanselier, dr Theuns Eloff, en die kampusrektor, proff Dan Kgwadi, Annette Combrink en Piet Prinsloo deurentyd goeie leiers was en dat hulle Kersfeeswense verdien. Lees op bladsy 16 meer oor die Kersfeeswense en -herinneringe van ons kollegas op die kampusse en by die Institusionele Kantoor.

Magiese Kersherinneringe van toeka en nou

Kersfees is 'n spesiale tyd om herinner te word aan toentertyd se vreugdes en om wonderlike nuwe herinneringe te skep. Eish! het 'n paar personelede gevra om hul Kerservaringe en wense met ons te deel.

Hul Kerswense wissel van staanhorlosies tot badskuim, maar ons kollegas het almal één ding in gemeen: hulle koester die tyd saam met familie en vriende.

Dit is presies hoe **mnr Pheny Mokgothu** van die Mafikengkampus Kersfees gaan deurbring. "Ek sal tuis wees saam met my vriende en familie en gesels oor wat in mekaar se lewens gebeur het."

Vir **me Evelyn Sebidi** van die Institusionele Kantoor het Kersfees vanjaar vroeg aangebreek: "Ek het nog nooit eintlik iets spesiaals vir Kersfees gekry nie, maar hierdie jaar het my man vir my 'n kar gekoop in Oktober – 'n wonderlike vroeë Kersgeskenk."

Me Ruth Kgabung van die Vaaldriehoek-kampus onthou háár lekkerste Kersfees ooit: "Toe ek die eerste keer in Swaziland was, het ons van restaurant na restaurant gery. Ons het begin met 'n ligte maaltyd by één plek, na 'n ander plek toe gery vir 'n hoofgereg en na nóg 'n ander plek toe vir poeding en iets om te drink – dit was groot pret. Ek het gewens die dag hou nooit op nie!"

Vanjaar wil sy saam met haar ma en seuns Hartebeespoortdam toe gaan. "Ons het plek bespreek in 'n selfsorgwoonstel. Ons gaan stap en braai, en die kinders gaan baie swem en pedry."

Mnr Tshepo Kalanko van die Potchefstroom-kampus assosieer Kersfees nie met geskenke nie, maar met die warmte daarvan om tyd saam met



die gesin deur te bring.

"Ek is 22 jaar oud en sover ek weet of kan onthou, het ek nog nooit 'n Kersgeskenk gekry nie. Ek het baie arm grootgeword en Kersfees was vir my

sinoniem met "gesin". Ons gesin van agt het altyd bymekaargekom en dan het ons die bietjie kos wat daar was, saam geniet. My lekkerste Kersgeskenk ooit was dus nie op Kersdag self nie, maar in Januarie toe ek aangestel is by die NWU en voltyds begin studeer het vir my honneursgraad.

Vir **me Loraine Nel** van die Mafikengkampus was die beste Kersgeskenk ooit toe sy eindelijk haar eie kamer gekry het – iets baie spesiaals as jy een van nege kinders is!

"My lekkerste Kersfees ooit was by my oupa-hulle se huis in Hartswater. Daar het ek 'n hele klomp dinge vir die eerste keer beleef, soos om met 'n kettie te skiet, in 'n plaasdam te swem, en my hare in 'n 'grootmeisie-styl' te laat knip."

Sy twyfel nie oor die beste plek om vanjaar Kersfees te vier nie: op die plaas natuurlik!

Prof Christo van Wyk van die Vaaldriehoek-kampus sê sy gesin fokus gewoonlik op die kinders en kleinkinders, met 'n regte 'Kersfeesvader' wat geskenke uitdeel uit sy groot sak.

Self sal hy graag vanjaar 'n outydse muurhorlosie wil hê. Maar Kersvader sal sy tyd moet ken: die horlosie sal tuis afgelewer moet word vóórdat die Van Wyks ná Kersdag met vakansie vertrek na Kleinemonde in die Oos-Kaap.

Familie is net so belangrik vir **me Kiewiet Schepel** van die Potchefstroomkampus. Hierdie Kersfees gaan haar gesin vir die eerste keer in twee jaar saam wees. "My dogter en haar verloofde kom op 24 Desember van Engeland af in die land aan, en g'n ander Kersgeskenk kan dit klip nie!"

Maar sy sou nie omgee om 'n bottel Badedas-badskuim in haar Kerskous te kry nie, want dit bring mooi herinneringe terug. "My ma het baie daarvan gehou en dit laat my aan haar dink."

Mnr Christé de Wit van die Institusionele Kantoor sien ook daarna uit om sy gesin weer te sien. Hulle woon steeds in Port Elizabeth. "Ons gaan Kersfees vier in Kaap St. Francis en my seun, wat op die oomblik in Dubai is, gaan ook by ons aansluit."

Verlede jaar het hulle seun vir hulle 'n baie spesiale Kersgeskenk gegee: hy het hulle getraakteer op 'n ete by die beroemde Burj Al Arab-hotel in Dubai. Nóg 'n spesiale Kersdag wat hy onthou, is toe hy en sy gesin 'n Kersdiens bygewoon het in Fort Meyers, VSA. "Dit was iets baie besonders om Kersfees saam met medegelowiges van 'n ander land te kon deurbring."

1. Me Kiewiet Schepel
2. Me Ruth Kgabung
3. Prof Christo van Wyk
4. Mnr Penyo Mokgothu

5. Me Loraine Nel
6. Mnr Tshepo Kalanko
7. Me Christé de Wit
8. Me Evelyn Sebidi